

# **‘n EKONOMIESE BENADERING TOT MEGANISASIEBESTUUR**

**DEUR**

**DR PHILIP THEUNISSEN**

---

## **SKEDULERING VAN BEWERKINGS (II)**

In die vorige artikel is die eerste drie stappe vir die beplanning van bewerkings vir koring en mielies in die Oos-Vrystaat bespreek. Die volgende drie stappe behels nou die opstel van ‘n skedule; die bepaling van die stelsel se toereikendheid; en die evaluering en aanpassing van die stelsel. Die belangrikheid van hierdie stappe hou verband daarmee dat al die bewerkings binne ‘n gegewe tydraamwerk volooi moet word. Hierdie reeks oor meganisasiebestuur word dan nou afgesluit met die bespreking van die laaste drie stappe van meganisasie-beplanning.

**Een van die doelstellings van praktiese meganisasiebestuur is om masjiengebruik so toe te pas en te skeduleer dat die maksimum hoeveelheid werk binne die toepaslike tydspanne bereik kan word met die uiteindelige doel dat die oorhoofse aktiwiteite van die boerdery die grootste wins kan realiseer.**

### **STAP IV Samestelling van ‘n skedulekaart**

‘n Skedulekaart wat al die bewerkings wat in die vorige artikel bespreek is kombineer, lyk soos volg:



Die grootste gedeelte van die skedulekaart toon die skedule vir bewerkings op 'n weeklikse basis en die aantal hektare wat elke week voltooi moet word. Die boer verskaf self hierdie inligting in die eerste ry (swart blokkies) teenoor elke bewerking. As dit op 'n rekenaar in 'n spreivel opgestel word kan die werkstempo (moontlike hektare per week) vir elke bewerking in die tweede ry bepaal word vir 'n gegewe daglengte en aantal dae in die week volgens die bestaande masjineriekapasiteit. Die inligting wat in die drie kolomme links van die skeduleblok verskaf word, word vir laasgenoemde gebruik.

Die skedulekaart verskaf aan die boer 'n visuele aanduiding van sy hele meganisasieproses. Hy kan dan sy kapasiteit volgens die tydraamwerk van die bewerkings bepaal.

<b>STAP V      Bepaal die toereikendheid van die bestaande kapasiteit</b>
---

Met 'n paar klein veranderings aan die skedulekaart se formaat kan die boer nou ook bepaal of sy bestaande kapasiteit voldoende is om al die bewerkings binne 'n bepaalde tydraamwerk te kan afhandel. So 'n kaart sal soos volg lyk:



Die aangepaste skedulekaart toon die benodigde trekkerkrag (kW) in die eerste ry teenoor elke bewerking en die toereikendheid van die implement in die tweede ry. Die trekkerkapasiteit word in die derde kolom van links af bereken terwyl die implement se toereikendheid vanaf die aanvanklike skedulekaart bereken word deur die benodigde hektare van die moontlike hektare af te trek. Die swart blokkies dui op 'n surplus terwyl die grys blokkies 'n tekort in kapasiteit aantoon. Die trekkerkrag se toereikendheid word vir al die bewerkings gesamentlik onderaan die kaart bereken.

Die aangepaste skedulekaart bepaal die toereikendheid van elke implement vir die afsonderlike bewerkings. Tweedens bepaal dit die toereikendheid van die bestaande trekkers om die bewerkings te kan uitvoer indien die trekkers en implemente optimaal gekombineer is.

## **STAP VI      Evalueer en pas die bewerkings aan**

Soos met enige ander bestuursproses sal die beplanning van boerderybewerkings ook eindig met 'n evaluasieproses. Die werklike resultate, of moontlike resultate, sal dan oorweeg word en aangepas word om beter resultate te kan lewer. Die meganisasiestelsel moet die bewerkings ekonomies, toereikend en betroubaar kan uitvoer om te verseker dat die oesopbrengs en die kwaliteit daarvan nie deur die plant- en oesdatums benadeel word nie. As dit nie moontlik is nie is die implemente of die trekkerkrag nie voldoende nie en moet die volgende aanpassings gemaak word:

- Kry 'n kontrakteur om sekere van die bewerkings te doen;
- Verhoog die grootte van die implemente;
- Verhoog die spoed waarteen die bewerking gedoen word;
- Verhoog die effektiwiteit van die bewerking deur onnodige onderbrekings uit te skakel;
- Vermeerder die werksure;
- Verklein die werksarea;
- Herallokeer sekere lande na ander vertakkings waarvan die bewerkings op ander tye gedoen kan word;
- Skakel oor na alternatiewe bewerkingsmetodes;
- Pas biotegnologie toe om sekere bewerkings uit te skakel.